# NEUTEDOPPER

**GEREFORMEERDE KERK AKASIA**

**VOLUME 25**
**NR 32**
**10 SEPTEMBER 2017**




## OGGENDDIENS 09:00

**Lees:** 1 Petrus 2:1-10
**Kernvers:** Ef.6:15
**Tema:** Maak die ware Evangelie van ware vrede deel van jou geestelike wapenrusting
**Sang:** Ps. 84:5; Ps.68:1,2; Ps.71:9; Ps.119:6; Ps.19:4; Ps.119:1,2

Die terrein van die geestelike geveg waarin jy jou bevind
God gee die ware Evangelie van ware vrede as geestelike wapen
Wees altyd gereed om die wapen wat God jou gee te gebruik

PREKE: http://www.gkerkakasia.org.za/preek-opnames/

## GELOOFSLEERBYEENKOMS 18:00

## KOLLEKTES

Onder die diens: Diens van barmhartigheid (Diakonie)
By die deure: Instandhouding van kerk en erediens (Kerkkas)

Spesiale Kollekte: Aand kollektes:
10 September: Ekumenisiteit (Buiteland)

## KALENDER

**SEPTEMBER**

| | |
|---|---|
| 13 | Finansies |
| 14 | Seniorlidmate: Ete; Etiekgroep |
| 16 | Diakonie: Bosberaad; Diakonie: Inryfliek |
| 20 | Administrasie |
| 21 | Etiekgesprek; Diakonie |
| 23 | Terreinbespreking |
| 25 | Susters: Bestuur |
| 28 | Etiekgesprek |
| 29 | Skole sluit |

**OKTOBER**

| | |
|---|---|
| 9 | Skole open; Seniorlidmate: Bestuur |
| 12 | Seniorlidmate: Ete; Musiek; Etiekgesprek |
| 15 | Diakonie: Kinderhuisprojek |
| 18 | Etiekgesprek |
| 19 | Diakonie |

**NOVEMBER**

| | |
|---|---|
| 2 | Etiekgesprek; Stokperdjie & Kunsmark |
| 3 | Stokperdjie & Kunsmark |
| 4 | Stokperdjie & Kunsmark; Diakonie: Kunsmark ete |
| 9 | Etiekgessprek |
| 11 | Senior lidmate: Jaareindfunksie |

## MEELEWING

Martin Volschenk (A2)is in die hospitaal opgeneem na 'n been-operasie. (Engela 0713141398)
Esther Briel (B2 012-5494929) word die komende week opgeneem vir 'n operasie.
Hannes Venter (B2 012-5494612)ondergaan steeds behandeling teen kanker.
Ons dra julle aan ons Vader in die hemel op.

*Die Here ons God is ons krag en ons beskerming, die Here gee genade en eer. Ps 84:12*

## Wense vir 'n jaar van genade en seën

| | | | |
|---|---|---|---|
| 11 | Dirk Theron | 012-5422933 | 0722729652 |
| 12 | Lyna Venter | 012-5424854 | 0848675756 |
| 13 | Pierre va der Westhuizen | 012-5493588 | 0828236199 |
| 14 | Tok Botha | 012-5425274 | 0828525869 |
| | Anna-Marie de Villiers | | 0823411883 |
| 15 | Hannie MC Menamin | 012-5270581 | 0823590387 |
| 16 | Willem van der Walt | | 0823712977 |

## BYBELSTUDIE

Snr 2000: Dinsdag 12 September 2017 (10:15) aan huis van Elsa de Waal huis 7. Kontak: Danie Malan 0125424241 /+27842233315 (2de en 4de Dinsdag van die maand)

Theresaburg: Dinsdag 12 September 2017 (9:00) Kontak: Nella van der Deventer 0125422688 / +27848022262 (2de en 4de Dinsdag van die maand)

Eden: Dinsdag 19 September. Kontak Dina Leibowitz 0125425141/0842233315 (2de en 4de Dinsdag van die maand)

Amandasig: Donderdag 21 September (10:00). Kontak Annatjie Briel 0125656046/0723688939 (1ste en 3de Donderdag van die maand)

## ETIEKGESPREKKE

Broeders en susters word hartlik uitgenooi na die etiekgsprekke DV op die volgende datums:
Donderdagaand 14 September by die pastorie – Die Christen en ekologiese besoedeling.
Donderdagoggend 21 September by Dawie en Tilla de Bruyn - 'n Etiese gesprek oor genadedood (eutenasie)



## FINANSIES

**My dankoffer:**

**Liefde vir God beteken gehoorsaamheid aan sy gebod**

**1 Joh.5:3** – "Die liefde vir God bestaan daarin dat ons sy gebooie gehoorsaam. Sy gebooie is ook nie moeilik om te gehoorsaam nie."

God het die vierde gebod oor die Sabbatdag, die Rusdag gegee (Eks.20:8-11). Hoe moet ek hierdie gebod van God gehoorsaam?

In **Sondag 38** van die Kategismus bely Gereformeerde gelowiges wat God ons in die vierde gebod gebied, wat Hy dus van ons verwag en hoe ons Hom uit liefde moet gehoorsaam. Die verklaring van die vierde gebod lui so: *"God wil ten eerste dat die Woordbediening en die skole instand gehou word. Ook moet ek veral op die rusdag ywerig met die gemeente van God saamkom om die Woord van God te hoor, die sakramente te gebruik, die Here openlik aan te roep en die Christelike liefdegawes te gee. Ten tweede moet ek elke dag van my lewe van my bose werke rus, en die Here deur sy Gees in my laat werk. So begin ek die ewige sabbat reeds in hierdie lewe."*

Die eerste sin van hierdie verklaring van die vierde gebod is van toepassing op dankoffers. God gebied in die vierde gebod dat die Woordbediening in stand gehou word. Om dit ta kan doen, het God beveel dat gelowiges dankoffers sal gee. Uit liefde vir God gehoorsaam ek dus die vierde gebod en gee dankoffer.

Watter dankoffer is nodig in die gemeente? Tans is R 353 per maand van elke belydende lidmaat nodig om die Woordbediening in al sy fasette (dit is in ons gemeente hier plaaslik en in die kerkverband) in stand te hou. Om die vierde gebod in die praktyk te gehoorsaam, beteken dus dat elke belydende lidmaat hierdie dankoffer (R 353) per maand sal gee.

My dankoffer van R 353 per maand is nie 'n willekeurige saak nie, want liefde vir God en gehoorsaamheid aan sy gebooie is nie 'n willekeurige saak nie.

Gehoorsaam die vierde gebod deur die Heilige Gees. Gee hierdie dankoffer met 'n dankbare en blymoedige hart, omdat jy God liefhet.

# SUSTERS

**Teebeurte**
September A5 en A6

ELJADA HUIS (Boekenhoutkloofstraat 949, Claremont).
Indien u enige items (nie – bederfbare voedsel, klere en/of linne) wil skenk plaas dit asseblief by die verhoog gemerk vir Eljada Huis of skakel Annatjie of Petro by die tehuis:
kontakbesonderhede 012 377 0503/060 9840809 (Annatjie) of 079 3775711(Petro).
Meubels, tuinmeubels en gereedskap sal ook waardeer word. Die nuusbrief van die tehuis word op die kennisgewingsbord van die susters geplaas vir meer inligting in verband met die tehuis, behoeftes en werksaamhede.

# SENIORLIDMATE

**Seniorlidmate-ete en Senioruitstappie**

Die volgende ete is weer DV 14 September in die kerksaal. Die spyskaart is soos volg: Beesbredie, rys, brokkoliegereg, pampoenkoekies en sagopoeding.
Skryf asseblief jou naam op die susterskennisgewingbord as jy die ete wil bywoon. Die koste is R35 pp en onthou asseblief eie eetgerei en drinkgoed.

Die Oktober-ete is DV 'n uitstappie en ontbyt by Ludwigrose op 12 Okt 2017. Hou die datum oop asseblief!

# KOMMUNIKASIE

**Preke op ons Webwerf:**
Preke kan nou gratis van ons webwerf afgelaai word in die MP3 formaat. Gaan na http:www.gkerkakasia.org.za/preke-aflaai. Die preke sal in die week na die preek gelewer is opgelaai word en sal dan beskikbaar wees om af te laai.
Preke op CDs sal ook nogsteeds beskikbaar wees. Kontak Jaco Theron (072 359 9078) of Dirk Theron (072 272 9652) om te bestel, of vra by ons na die diens.



## Jaarlikse Stokperdjie- en Kunsmark

Hierdie jaar se mark word beplan vir DV Donderdag 2 November Saterdag 4 November
Hierdie is 'n besondere geleentheid naas die Koop-en-Kuierdag om saam met gemeentelede en vriende te kuier. Dit is ook 'n geleentheid waar veral lidmate die produkte van hul talente kan uitstal en verkoop. Deelnemers aan die mark staan slegs 10% van hul verkope se inkomste af aan die kerk en daar is geen ander koste aan verbonde nie.
'n Teetuin is weer deel van die beplanning en 'n moontlike konsert Die Vrydag- of Donderdagaand word oorweeg. Die Saterdagmiddag is die Diakonie se potjiekosete om 12:00.
Mense wat belangstel om deel te neem aan die mark moet asseblief vir Manda (012 542 4712) kontak.
Ander voorstelle vir die naweek is ook welkom.

# LEKTUUR

**In die Mediateek 120**

**Boek: Net soos jy is – Max Lucado (Kinderboek)**

Dis een van die grootste geskenke wat 'n ouer vir sy kind kan gee: die versekering dat Ma en Pa vir hom of haar lief is net soos hy/sy is. Maar om dit net eenkeer te vir hulle te sê, sal dié waarheid nie laat vassteek nie. Kinders moet oor en oor daarin herinner word, totdat daardie woorde in hulle harte is.

Op dieselfde manier het kinders nodig om te hoor dat hulle hemelse Vader hulle liefhet en graag by hulle wil wees, al het hulle nie wonderlike gawes nie of al is hulle nie besonder slim of gewild nie.

Die ewigdurende boodskap van die boek is dat hul hemelse Vader hulle liefhet en vreugde vind in hulle net soos hulle is. Die boek maak van 'n oulike storie en illustrasies gebruik om die boodkap oor te bring en fokus op 'n nuwe generasie kinders van vier-tot tienjariges.

**BANKBESONDERHEDE** Gereformeerde Kerk Akasia
ABSA Lopende rekening: 060 340 889 (632005)
Verwysing: Voorletters, Van en Lidnommer
Inbetalings sonder verwysings word aanvaar as dankoffers, Anoniem

# BEWARING EN HERWINNING

## PLASTIEKSAK EPIDEMIE

Om plastieksakke te vervaardig, verkoop of gebruik is strafbaar met vier jaar tronkstraf of R520 582 (£31 000) in Kenia vanaf Maandag 28 Augustus 2017. Dit is die strengste straf wat ter wêreld toegepas word vir hierdie oortreding.

Die Keniaanseregering voer aan dat die plastieksakke onder andere die omgewing, toerismebestemmings en rioolwerke beskadig, gesondheidsprobleme veroorsaak omdat dit ook broeiplek verskaf vir muskiete wat malaria en dengue koors veroorsaak. Plastieksakke is ook verantwoordelik vir sterftes onder voëls, visse en ander diere. 'n Slagpale kry soms plastieksakke in beeste se mae. Chemikalieë waaruit plastieksakke gemaak word kom op hierdie manier in die voedselketting van die mens. Streng wetgewing om die gebruik van plastieksakke te beperk word nou ook deur 8 ander Afrikalande geimplimenteer.

Plaaslik word die vervaardiging van plastieksakke deur wetgewing gereguleer deurdat dit bio-afbreekbaar moet wees. Ons kan die vervaardiging en gebruik van plastieksakke verminder deur dit herhaaldelik te gebruik. Neem jou eie houer (bv plastieksakkie of materiaalsak ens) saam om jou inkopies in te verpak. Ondersteun ook asseblief die herwinning van ander items en plaas dit in die houers soos volg: ○A4 - wit papier: by die verhoog in die kerksaal, ○ander papier en glasbottels: in die onderskeie houers langs die omheining van die huurhuis, ○broodsakkieknopies en plastiek bottelproppies: by die verhoog, ○ plastiekbottels en alluminiumkoeldrank en –bierblikkies: in die houers wat daarvoor gemerk is by die buite wasbakke.

**Nuwe redaktrise van die Neutedopper**

Baie dankie aan Annamie Roos wat van nou vir ons die Neutedopper weekliks sal behartig. Onthou asseblief dat die spertyd vir die ingee van artikels en berigte elke Donderdag 12:00 is.

Annamie se eposadres is annamieroos@gmail.com
Haar selnommer is 076 522 1464



# KONTAK NOMMERS

**LERAAR**
Ds Johan Nel
0125424712 / 0760656347
neljohan5704@gmail.com

**BREE KERKRAADSKRIBA**
Dirk Pelser
0828148331
dpelsergm@gmail.com

**KERKRAADSKRIBA**
Simon Lessing
012-5422292/0727508653
simonlessing9@gmail.com

**KASSIER**
Kontak Finansies Voorsitter
gkakasia@lantic.net

**ATTES-SKRIBA**
Simon Lessing
012-5422292/0727508653

**NEUTEDOPPER**
gkakasia@lantic.net

## KERKRAAD DIENSGROEPE

**Administrasie**
Tinus van Wyk
012-5423963 / 0828590554

**Beplanning en Bediening**
Ds Johan Nel
012-5424712 / 0760656347

**Bewaring en Herwinning**
Johann Dreyer
012-5423562 / 0824628464

**Bybelstudie**
Ds Johan Nel
012-5424712 / 0760656347

**Eiendom**
Ds Johan Nel
012-5424712 / 0760656347

**Emosionele Ondersteuning (BvR)**
Floors Pelser
012-5422970 / 0721295923

**Finansies**
Christo Borstlap
0829018361

**Fondsinsameling**
Kobus Theron
012-5422933 / 0836091471

**Gasvryheid**
Floors Pelser
012-5422970/0721295923

**Gebed**
Ds Johan Nel
012-5424712 / 0760656347

**Jeug**
Belydend
Wietske Theron
012-5422933/0829279748
Skoolgaande
Suzette Pëtersen
0845150523

**Katkisasie**
Johann Dreyer
012-5423562 / 0824628464

**Kommunikasie**
Dirk Theron
0722729652
WEBADRES:
www.gkerkakasia.org.za
Jaco Theron
0723599078

**Lektuur**
Paul Kruger
0836566299

**Musiek**
Manda Nel
012-5424712

**Ontspanning**

**Senior lidmate**
Simon Lessing
012-5422292/0727508653

**Toerusting**
Ds Johan Nel
012-5424712/0760656347

## DIAKONIE

**Voorsitter**
Bettie Kruger
0848404222

**Skriba**
Dirk Theron
0722729652

**Finansies**
Dirk Pelser
0828148331

**Onderstand**
Tuané Pëtersen
0844393673

**Kinderhuis**
Bettie Kruger
0848404222

**Funksies, Projekte**
Jaco Theron
0723599078

## SUSTERS

**Voorsitter:**
Manda Nel
012-5424712

**Sekretaresse:**
Franci Dreyer
012-5423562/0825426369

**Tesourier:**
Hetta Viljoen
0125423326/0731939017

**Begrafnisse:**
Martie Bishop
012-5422566/0835914171